Rust de Winter Kampvergadering gehou 17 Januarie 2009 - Notule

Komiteelede Teenwoordig:
Deon Kok; Peter Claasen; Frits Greger; Lukas Lange; Flip Stander; August Appel; Mike Gouws; Eddie Harvey; Rina Stander
Staanplek eienaars teenwoordig: 47 Verskonings: 18

Verwelkoming: Deon verwelkom almal teenwoordig.
Kampsake: Flip vra dat die lede asseblief eers goedkeuring moet kry alvorens enige verbeteringe aangebring word. Lede moet hulself verfris met wat in die staanplekooreenkoms staan. Indien water en/of elektrisiteit geïnstalleer word, moet die sloot eers deur Peter en Flip geinspekteer word. Dit is ook baie belangrik dat korrekte/nuwe tel. no's, adresse en epos adresse na Admin deurgegee moet word. ‘n Afsrif van die RdW staanplek ooreenkoms is beskikbaar by Flip Stander.
Oorsig 2008:
In 2008 was daar geen fondsinsameling soos in die vorige jare nie, daar was geen Jamboree of EXPO nie. Daar was dus geen uitstallers / toeskouers waaruit ons fondse kon genereer. Ons het egter geld nodig om Rust de Winter instand te hou. Verlede jaar se EXPO het deur die mat geval omdat ons nie die groot motor-maatskappye kon oorreed om te kom uitstal nie. Ons wou nie graag 'n vlooimark aanbied nie, maar gaan vanjaar weer probeer om hulle te kry. Die Expo hang af van die deelname van die motorvervaardigers. Die Fietsresies wat ons aangebied het was baie suksesvol. Die voorsitter van Gauteng Noord, Retief is positief dat daar met die volgende fietsry resies beslis baie meer fietsryers sal opdaag asook mense wat sal wil kamp. Die ‘RdW Mountain Bike Challenge’ is reeds op die nasionale kalender van die Fietsry Assosiasie aangebring. Daar was egter, tenspyte van die groot sukses, die dag net 'n handjievol lede wat bereid was om te help. Dankie vir al die helpers. Word ons nou 'n fietsry klub? Die lede het tonnelvisie. Ons word geensins 'n fietsryklub nie. Die fietsry byeenkoms is slegs 'n fondsinsamelings projek ten bate van RdW. Alan Young sê daar was baie komplimente oor die dag. Dit is goed vir die klub. Daar was nie 'n geraas nie en die fietsryers het opgedaag, deelgeneem en dadelik huis toe gegaan na afloop van die verrigtinge. Die terrein was netjies, geen lawaai, drank-probleme of stof nie. Baie dankie aan die 21 ‘marshals’ wat gehelp het met die dag. Die fietsresies word weer op die 28ste November 2009 aangebied. Ons sal beslis meer adverteer en daar sal reg-gemaak moet word vir 800+ inskrywings. In 2008 is daar 'n wins van tussen R30 000 en R35 000 gemaak met die bergfietsresies. Die jaar het met 'n "bang" begin. Daar was die vloed wat ons hard geslaan het. Dit was 18jr sedert ons die vorige vloed gehad het. Die versekeringsmaatskappy het R140 000 uitbetaal vir die skade. Ons het baie van die skade soos byvoorbeeld die heinings self kon herstel. Baie dankie aan almal wat gehelp het. Daar was in die vloedtydperk geen bundu roetes nie. Daar is R52 000 gegenereer uit die bundu roetes. Dankie aan Mike en Frits wat altyd bereid is om te help met die bundu roetes. Daar was min mense by die wintersdans, maar dit het goed afgeloop. Dankie August. Daar was nie 'n Jamboree nie, die datum het verander, dit sal nou plaasvind 24 tot 27 April 2009. Met die datum verandering het daar ook addisionele probleme bygekom. Die lang gras is een voorbeeld. Die gras tussen die bome sal met "weed eaters" gesny moet word. Dit is baie ruig en die grassnyers sal nie daar gebruik kan word nie. Willie van Greune sal 'n artikel oor die Jamboree vir die nuusbrief en webblad skryf. Die Jamboree is ons hoof fondsinsamelings

projek. Die inkomste gee vir ons die nodige bedryfskapitaal. Daar moet voor-siening gemaak word vir die nuwer voertuie soos bv. die Fortuners en Freelanders. Daar sal op die roete op sommige plekke 'n 'bypass' gemaak word. Ons mikpunt is om ongeveer 300 voertuie te kry om in te skryf. Ons kan nie die ouer voertuie uitsny nie en die 'long wheel base' voertuie kan nie al die roetes doen nie. Die roete in die berg sal verander. Lucas vra asb. dringend hulp by die gymkhana met die voorbereiding vir die Jamboree. Kontak hom of Tom Zeeman.

Finansies:

Frits hou die inkomste en uitgawestaat van RdW voor. Kopië word uitgedeel. Indien ons geen borge of fondsinsameligs sou hê nie, het RdW verlede jaar 'n verlies van R35 945.55 gehad. Ons moet op ons eie bene staan. Wat as ons borge sou kopuittrek? Inkomste / uitgawe staat is beskikbaar by Frits. Tom Zeeman stel voor ons moet R100 per maand betaal. Dus R1200 p.j.. Johan du Preez stel skriftelik voor ons moet R1800 per jaar betaal en geen hekgeld. Rust de Winter is die hart van die ATV Organisasie. Sonder RdW is die klub baie minder werd. Gert Helberg stel voor die bedrag moet eenmalig R1500 per jaar wees - geen hekgeld. Daar is pas 'n kwotasie van ±R200 000 ontvang om 1 ablusie op te gradeer! Vir alle ekstras sal daar addisionele fondse ingesamel moet word. Die R1500 per jaar sal slegs vir die kampstaanplek en normale bedryskoste wees, gebasseer op 140 vol staanplekke. Chris Rothman stel voor ons moet die tekort van R35 945.55 deur die aanstal permanente lede deel en die jaar geld dienoorkomstig verhoog. Dan moet daar egter steeds hek gelde betaal word. D.w.s. jaargelde van R660 per staanplek per jaar. Die lede wat nie die kamp ondersteun deur tenminste 8 maal per jaar, volgens die konstitusie, te kom kamp nie, is die lede wat nie die RdW jaar-vergadering bywoon nie. Daar is baie lede wat slegs 1 of 2 keer per jaar kom kamp. Hulle moet R1500 p.j. betaal. Nie almal kan bekostig om 'n bedrag van R1500 net so te te betaal nie. Daar sal 'n sensus e-pos saamgestel word wat uitgestuur sal word aan al die lede. Ons sal die sensus voorstelle kry van die 138 staanplek eienaars en op die A.G.M. finaal besluit. Lede kan die R1500 maandeliks afbetaal. Bv. R150 per maand d.m.v. debiet-order. Ons sal 'n werkbare situasie moet kry. Stel voor dat die ledegeld na R500 per jaar verhoog moet word indien jy tenminste 8 keer op RdW kom kamp het. Indien minder as 8 keer gekamp op RdW, moet hy R1500 betaal. Onttrekking van lede - ons is verniet bekommerd - daar is baie lede wat graag staanplek op RdW wil hê. Daar sal steeds hekgelde moet wees vir gaste en nie-lede.

Algemeen:

Gert Helberg het genoem dat hy by die hek die helfde minder toegangsgelde betaal het in Desember. Albert se somme is nie altyd reg nie. (Mike het die probleem uitgesorteer.) Daar is 'n nuwe boekstelsel wat in werking gestel gaan word by die hek. Lede verloor as die hek geld nie reg bestuur word nie. Ons het 'n toestemmingsbrief van oud minister Dereck Hanekom om die RdW grond aan te koop. Tenders is uitgestuur om 'n waardasie te doen op die grond. Die koste daarvoor was R8 500 en vir ons rekening. Daar is nog geen uitsluitsel oor die aankoop van die grond gemaak nie. Daar moet asseblief nie toegelaat word dat enige kinders / persone in die kamp sonder 'n geldige bestuurs-lisensie rondry nie. Die laaste 2 tot 3 jaar was daar 'n verandering in die lede se houding sover dit werksnaweke aanbetref. Die lede wil nie meer help nie. Ons moet die spangees herstel by RdW. Die Jamboree is einde April en daar is baie werk wat voor dan gedoen moet word. Lede wat naweke kom help, kamp gratis tydens werksnaweke. Daar is borde opgerig in die gymkana en die borge sowel as die lede wat die hindernisse gebou het se name verskyn daarop. Die

betrokke persone het gratis toegang tot die gymkana. Gert Helberg stel voor dat die lede wat die gras sny se name in die nuusbrief moet verskyn en ook dat die nuusbrief per epos aan die lede gestuur moet word om koste te bespaar. Louis Kleynhans lig ons in dat daar geen koste besparing sal wees nie want die minimum nuusbriewe wat gedruk kan word is 500. Die 4x4 ATV kalender vir 2009 was in die November / Desember 2008 nuusbrief. Die nuwe datum vir die potjiekos naweek is nou in die September langnaweek. Dit moet gemik wees op 'n groter fonds-insameling. Daar sal moontlik 'n oempa orkes by die potjiekos kompetisie wees. ‘n Kopie van die staanplek ooreenkoms sal saam met die sensus vorm uitgaan. In die verlede was ons verleë en onder finansieële druk en het staanplekke toegestaan sonder om werklik die lid te keur. Nuwe lede wat nou 'n permanente staanplek wil hê sal 'n probasie vorm moet invul. Die twee jaar wagtyd word voorlopig opgeskort en na 12 maande word so 'n lid ge-evalueer en kan hy dan sy permanente staanplek kry. Bestaande staanplekke moet ten volle benut word voordat nuwe kampe ontwikkel word.

Vrae

Gert Helberg wil weet of hy 'n plaaslike persoon mag aanstel om sy kamp se tuin in orde te hou. Nee, liewer nie. Sekuriteit sal 'n groot probleem wees. Ons kan uitvind of daar dalk 'n kontrakteur beskikbaar is om die gras te sny vir die lid se eie sak. Darius Grobler vra of dit moontlik sal wees om hom ten minste 7 dae voor die tyd te sms indien sy hulp benodig word. 3 Dae is nie voldoende nie. Sydney Thom vra of daar 'n "old trucks meeting" by Rust de Winter gehou kan word? Almal sal dit kan ondersteun. Slegs ou voertuie sal vertoon word. In beginsel goedgekeur. Kan lede asseblief geduldig wees met lang gras in die reën seisoen? Kobus van Coller wil weet wat gebeur met die 2de staanplek / karavaan per gesin indien die R1500 per jaar van toepassing sou wees? Sal later oplossing vind. Kan daar nie 'n roete gebou word sodat toeskouers tot in die berg geneem kan word nie? Die toeskouers kan na die sandgate geneem word. Ons moet vroegtydig adverteer. Die pamflette word te laat ontvang om regtig te kan adverteer. Die Jamboree gaan oor 2 dae geskied. Die vrae in die berg val weg. Die hele formaat gaan verander. Daar sal strooibiljette gedruk word en in nuusbrief geplaas word. Sal daar plek wees vir stalletjies? ONCA en N1 4x4 is bereid om 2-3 maande voor Jamboreee in hul tydskrifte advertensies te plaas. N1 4x4 het ook 'n versameling Land Cruisers wat hulle sal wil uitstal. In beginsel goedgekeur.

Kworum:

Ten spyte van die feit dat daar wel 'n kworum teenwoordig was, word AL die Rust de Winter staanplek lede kans gegee om 'n sê te hê in besluite wat Saterdag 17 Januarie 2009, gefinaliseer kon gewees het.